Algemene vrae wat deur Suid-Afrikaners gevra word wat beplan om na Australië te verhuis

In watter skool is die kinders?

Citipointe Christian College Brisbane (CCCB).

Waar is die skool geleë?

CCCB is geleë in 'n suidelike voorstad van Brisbane, genaamd Carindale.

Is dit 'n Christenskool?

CCCB is 'n Christenskool wat deel vorm van 'n makrogemeente (Citipointe Church Brisbane).

Is dit 'n privaatskool?

Ja, dit is 'n onafhanklike, Christelike privaat skool.

Wat is die skoolfooie?

Die skoolfooie word verdeel in Prep – Jaar 6; Jaar 7, Jare 8 – 9; en Jare 10 – 12. Vir verdere besonderhede verwys na http://brisbane.coc.edu.au/enrolment/financial-information/

Deur wie word die skoolklere verskaf?

Die skooluniform word in 'n winkel op die skoolterrein verkoop. Verlore items wat op die skoolgrond of in die skoolgeboue gevind word, word ook by die winkel gehou totdat dit deur die regmatige eienaars opgeëis word.

Wat is CCCB se dissiplinêre beleid?

CCCB se dissipline is van 'n baie hoë standard. Die dissiplinêre beleid sluit die skool se spesifieke gedragskodes, verskeie beleidstukke wat die student beskerm en die handhawing van 'n Christelike karakter in.

Vir watter ouderdomme en jaargroepe maak CCCB voorsiening?

CCCB maak voorsiening vir Prep Jaar – 4 ½ jaar oud (Graad 0) tot en met Jaar 12 (Matriek).

Hoe word Afrikaanssprekende studente in die skool ondersteun?

Die EAL-program (*English as an Additional Language*) is beskikbaar vir student wat hulp nodig het. Die program word in die Laer-en Hoërskool aangebied.

Is daar kerke naby die skool?

Citipointe Church Brisbane is reg langs die skool geleë. CCCB vorm deel van die kerk se bediening, maar daar is ook verskeie ander kerke in die omgewing van die skool.

Wat is die skoolure?

CCCB begin om 8:40 en sluit om 15:20.

Is daar 'n naskool sentrum gekoppel aan die skool?

Ja, Citipointe OSHC (outside school hours care) is beskikbaar van 15:20 tot 18:00, Maandae tot Vrydae. Vir verdere besonderhede verwys na http://brisbane.coc.edu.au/discover-citipointe/outside-school-hours-care/

Is daar vervoer vir die kinders na en van die skool af?

CCCB beskik oor baie busse wat ‘n groot area om die skool dek. Daar is ook betroubare, publike vervoer (busse) beskikbaar. Vir verdere besonderhede verwys na http://brisbane.coc.edu.au/community/buses/

Watter tipe sportsoorte bied CCCB aan?

‘n Baie groot verskeidenheid sportsoorte word in die Hoër- en Laerskool aangebied met verskeie kompetisies tussen CCCB en die ander Christelike- en Staatskole.

Hoeveel Suid-Afrikaanse onderwysers/personeel en kinders is daar tans by die skool?

Tans is daar ongeveer 38 oud-Suid-Afrikaanse personeellede en 150 studente in CCCB. Onder die oud-Suid-Afrikaanse studente van CCCB was daar minstens 45 prefekte wat insluit ‘n aantal skoolkapteine. ‘n Hele aantal Hoofmeisies en seuns van die skool was oud-Suid-Afrikaners.

Wat is die beskikbaarheid en koste van behuising in die skool se omgewing?

CCCB is in die residensiële gebied Carindale geleë. Die skool word verder omring deur ander woongebiede, wat nuwe en ouer areas, kleinhoewes en meenthuiskomplekse insluit en waarvan sommige bine loopafstand van die skool is. Huispryse wissel en dit sou raadsaam wees om kontak te maak met ‘n eiendomsagent in die omgewing.

Is daar spesifieke opvangsgebiedde vir die skool?

Nee, CCCB is ‘n onafhanklike privaat skool en daarom nie gebonde aan opvangsgebiedde nie. Studente kom van verskei areas in en rondom Brisbane.

In watter areas woon meeste van die student?

Baie student woon in die direkete omgewing van die skool byvoorbeeld Carindale, Mansfield, Mount Gravatt, Carina, Camp Hill, Makenzie en Wishart. Daar is ook studente van ander areas afkomstig is - onder andere Belmont, Wakerley, Eight Mile Plains, Sunnybank en Rochedale.

Vir enige verdere na vrae kontak gerus die Registrateur.